


VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat het gebeur?
2. Het Jakob en sy ma se plan gewerk?
3. Hoekom nie rereg nie?
4. Was die Here Jakob genadig?



Dinsdag

1. Wat sien jy in die storie?
2. Hoe het hulle vir Isak geflous?
3. Wat het Isak gedoen?
4. Het Jakob gekry wat hy wou hê?



Woensdag

1. Wat het Esau gesê toe hy uitvind?
2. Wat moes Jakob doen toe Esau uitvind?
3. Waar het Jakob gaan bly?



Donderdag

1. Hoe kan jy nie sonde doen nie?
2. Wat kan jy doen as jy verkeerd gedoen het?
3. Gaan dit help om te jok daarvoor?
4. Hoe kan ons vergifnis vra vir sonde?



GENESIS 25 tot 33 JACOB STOEI MET DIE ENGEL

Spreuke 3:5-6 "Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal hy jou paaie gelyk maak."

Is jy gelukkig met jou naam of het jy al gedroom oor 'n ander naam? Dalk stry jy met jou ouers oor hulle keuse van naam. Self maats gee mekaar byname om te beskryf hoe hulle iemand sien.

God het in die Bybel vir baie mense 'n nuwe naam, maar ook 'n nuwe identiteit gegee.

Jacob was so 'n man Sy naam het beteken 'bedrieër' omdat hy baie slim planne gemaak het wat nie altyd eerlik was nie.

Hy en sy ma, Rebekka, het 'n plan gemaak om Esau se eersgeboortereg te steel. Dit is die seën wat die pa vir sy eerste seun gee. Rebekka het gehoor toe Isak vir Esau vra om vir hom wildsvleis gaar te maak.

Jacob en Rebekka het vir Isak 'n mak bokkie gaar gemaak terwyl Esau besig was om te jag. Isak was blind. Jacob het Esau se klere aangetrek en die velle van 'n bokkie oor sy hande en nek getrek sodat Isak kon voel dat hy harig was soos Esau. So is Isak gekul en hy het vir Jakob in Esau se plek geseën.

Toe Esau dit hoor, was hy baie kwaad. Hy het in sy hart besluit om Jakob dood te maak. Jakob moes weg vlug. Hy het by sy oom Laban gaan bly. Daar het Jakob getrou en kinders gehad.

Die Here was Jakob genadig. Baie jare later het hy en sy gesin op bevel van die Here terug getrek na sy geboorte land. Hy was nog bang vir Esau maar het 'n begeerte gehad om met sy broer te versoen. Dit het die Here geseën. Jakob se hart is eers verander nadat hy met die Engel van die Here gestoei het. Toe sê Hy: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.

Toe het die Here vir hom die naam Israel gegee. Jakob beteken bedrieër en Israel beteken heerser of prins. So het hy ook 'n waardige leier geword en 'n voorvader van God se spesiale volk, Israel, geword.

God roep 'n nuwe naam oor jou, veral as Hy jou lewe ook verander en nuut maak.

Here maak my ook nuut sodat ek U kan dien.

AKTIVITEITE VIR DIE WEEK

